# 663. DIE VREDESVAANDEL WORD ONTVOU

G                       D        G
1. Die vredesvaandel word ontvou –
      C                 A           D
kom Isr’el, kniel voor Yahweh neer.
      C          G         C      D
Aan Hom, ons Koning, Vredevors,
      G          C        D       G
aan Hom kom toe die mag en eer.

G                    D       G
2. Sy ryk is nie met krygsgeweld,
   C               A        D
is nie op mensemag gegrond,
      C        G          C      D
maar deur Sy liefde~op Golgota
    G    C       D       G
bevestig Hy die heilsverbond.

G                       D         G
3. Yahweh het deur Sy Seun se dood,
      C                   A        D
Sy volk weer met Homself versoen;
      C     G     C       D
die vyandskap is weggeneem,
      G     C        D          G
want Hy het vir ons skuld voldoen.

G                     D      G
4. Die middelmuur is afgebreek,
     C                A       D
ons in één liggaam so verbind.
      C         G     C      D
Yahweh ons vrede, Hy laat ons
    G       C          D      G
in Hom en deur Hom vrede vind.

G                    D        G
5. Ons sing U lof en heerskappy,
      C               A      D
Yahshua, wat ons met U hand,
      C          G         C       D
deur Gees en Woord wil heen lei tot
     G     C       D     G
die vrede van die Vaderland.